**PASIËNTINLIGTINGSTUK**

**SKEDULERINGSTATUS**

S4

**LOVIRE® 200 en LOVIRE® 400 Tablette**

**Asiklovir**

Suikervry

**Lees hierdie hele inligtingstuk noukeurig deur voordat jy begin om LOVIRE® TABLETS te neem**

Hou hierdie inligtingstuk. Dit mag moontlik vir jou nodig wees om dit weer te lees.

- Vra asseblief jou dokter, apteker, verpleegkundige of ander gesondheidsorgverskaffer indien jy verdere vrae het.
- **LOVIRE® TABLETS** is vir jou persoonlik voorgeskryf en jy moenie jou medisyne met ander persone deel nie. Dit mag skadelik vir hulle wees, selfs as hulle simptome dieselfde as joune is.

**Wat is in hierdie inligtingstuk**

1. Wat **LOVIRE®** is en waarvoor dit gebruik word

2. Wat jy moet weet voordat jy **LOVIRE®** neem

3. Hoe om **LOVIRE®** te neem

4. Moontlike newe-effekte

5. Hoe om **LOVIRE®** te bewaar

6. Inhoud van die verpakking en ander inligting

## 1. Wat LOVIRE® is en waarvoor dit gebruik word

**LOVIRE® Tablets** bevat ‘n middel wat asiklovir genoem word.

Die aktiewe bestanddeel van **LOVIRE® Tablets** behoort aan 'n groep van medisyne wat antivirale middels genoem word.

**LOVIRE® Tablets** word gebruik vir:

- Behandeling van koorblare en genitale herpes
- Voorkoming van koorsblare en genitale herpes wat terugkeer nadat jy dit gehad het (veral in persone wat se immuunstelsels nie behoorlik funksioneer nie, wat beteken dat hulle liggame minder in staat is om infeksies te beveg).
- Behandeling van gordelroos indien die letsels nie ouer as 72 uur is nie.
- Behandeling van waterpokkies binne 24-uur ná voorkoms van die tipiese waterpokkie-letsels.
- Verminder die risiko van sterfte en koorsblare asook genitale herpes vir dié met gevorderde MIV-siekte, wanneer saam met orale sidovudien (medisyne wat gebruik word om MIV-infeksies te behandel) geneem word of ná beenmurgoorplanting.
- Behandeling van pasiënte ná beenmurgoorplanting wanneer dit geneem word ná een maand se intraveneuse behandeling met asiklovir*

  * Ranbaxy Pharmaceuticals (Pty) Ltd het nie 'n intraveneuse geregistreerde doseervorm óf een vir bemarking nie; 'n ander handelsmerk van asiklovir kan gebruik word.

## 2. Wat jy moet weet voordat jy LOVIRE® neem

**Moenie LOVIRE® Tablets neem nie:**

- as jy allergies (hipersensitief) is vir asiklovir, valasiklovir of enige ander bestanddeel van **LOVIRE® Tablets** (gelys in afdeling 6).

**Waarskuwings en voorsorgmaatreëls**

**Tref spesiale voorsorg met LOVIRE® Tablets:**

**Belangrike inligting:**

Geneesmiddelreaksie met eosinofilie en sistemiese simptome (DRESS) is aangemeld met die gebruik van **LOVIRE® Tablets** . DRESS vertoon aanvanklik griepagtige simptome en 'n uitslag op die gesig, dan 'n uitgebreide uitslag met 'n hoë liggaamstemperatuur, verhoogde vlakke van lewerensieme gesien in bloedtoetse en 'n toename in 'n tipe witbloedsel (eosinofilie) en vergrote limfknope. As jy 'n uitslag ontwikkel wat met koors en vergrote limfknope gepaard gaan, hou op om **LOVIRE® Tablets** te neem en kontak jou dokter of soek onmiddellik mediese hulp.

Lig jou dokter in:

- as jy nierprobleme het, aangesien dit nodig mag wees dat die dosis wat jy moet neem, aangepas moet word
- as jy ontwater is (‘n toestand waarin jou liggaam nie soveel water en vloeistowwe het as wat dit behoort te hê nie)
- as jy bejaard is (bo die ouderdom van 65 jaar)
- as jy naarheid en braking ervaar
- as jy hoofpyn en verwarring ervaar

As jy te veel **LOVIRE® Tablets** oor verskeie dae geneem het, kan jy gastroïntestinale effekte (soos naarheid en braking) en neurologiese effekte (soos hoofpyn en verwarring) ervaar.

As jy nie seker is of die bogenoemde op jou van toepassing is nie, praat met jou dokter of apteker voordat jy **LOVIRE® Tablets** neem.

**Bejaardes**

As jy bo die ouderdom van 65 jaar is, moet jy seker maak dat jy ten alle tye voldoende water inneem as jy hoë dosisse van **LOVIRE® Tablets** neem, aangesien **LOVIRE® Tablets** langer kan neem om jou liggaam te verlaat as by jonger pasiënte.

Die dokter sal seker maak om jou dosis te verlaag indien jy nierprobleme het.

**Ander medisyne en LOVIRE® Tablets**

Lig jou gesondheidsorgverskaffer altyd in as jy ander medisyne gebruik (dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in).

Lig jou dokter of apteker veral in as jy enige van die volgende medisyne gebruik:

- probenesied (medisyne wat gebruik word om jig te behandel)
- simetidien (gebruik om sooibrand en maagsere te behandel)
- medisyne wat nierskade kan veroorsaak (nefrotoksiese medisyne) bv.
  - antibiotika (aminoglikosiede, amfoterisien-B)
  - pynstillers (asetaminofen)
- medisyne wat gebruik word om psigiatriese probleme te behandel (litium)
- medisyne wat gebruik word om kanker te behandel (metotreksaat)

**Swangerskap, borsvoeding en fertiliteit**

Die veiligheid in swangerskap en laktasie is nie vasgestel nie.

As jy **LOVIRE® Tablets** neem, moet jy nie jou baba borsvoed nie.

As jy swanger is of jou baba borsvoed, moet jy asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer raadpleeg vir advies voordat jy **LOVIRE® Tablets** neem.

Indien jy swanger is of borsvoed, vermoed dat jy swanger mag wees of beplan om ‘n baba te hê, moet jy asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer raadpleeg vir advies voordat jy hierdie medisyne gebruik.

Veiligheid en doeltreffendheid in swangerskap en laktasie is nie vasgestel nie. Die gebruik van **LOVIRE® Tablets** tydens swangerskap en borsvoeding word daarom nie aanbeveel nie.

**Bestuur van voertuie en gebruik van masjinerie**

**LOVIRE® Tablets** kan duiseligheid veroorsaak.

Dit is nie altyd moontlik om te voorspel tot watter mate **LOVIRE® Tablets** met die daaglikse aktiwiteite van ‘n pasiënt kan inmeng nie. Pasiënte moet seker maak dat hulle nie in enige van die bogenoemde aktiwiteite betrokke raak nie totdat hulle weet tot watter mate **LOVIRE®** hulle gaan affekteer.

### 3. Hoe om LOVIRE® Tablets te neem

Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie.

Neem **LOVIRE® Tablets** altyd presies soos wat jou dokter of apteker jou gesê het. Kontroleer met jou dokter of apteker as jy nie seker is nie.

- Neem **LOVIRE® Tablets** mondeliks.
- Los die tablet op in ‘n glas water (50 mL) en roer voordat dit gedrink word.
- As jy dit verkies, kan die tablet ook heel ingesluk word met ‘n bietjie water.
- **LOVIRE® Tablets** kan met of sonder maaltye geneem word.

Jou dokter sal jou sê vir hoe lank jou behandeling met **LOVIRE® Tablets** sal duur. Moenie vroeg met die behandeling ophou nie. As jy onder die indruk is dat die effek van **LOVIRE® Tablets** te sterk of te swak is, moet jy jou dokter of apteker inlig.

### As jy meer LOVIRE® Tablets geneem het as wat jy behoort te neem

In die geval van oordosering, moet jy jou dokter of apteker raadpleeg. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, moet jy die naaste hospitaal of gifbeheersentrum kontak.

Die simptome wat vir oordosering aangemeld word, is: naarheid en braking, hoofpyn en verwarring.

### As jy vergeet het om LOVIRE® Tablets te neem

As jy vergeet het om **LOVIRE® Tablets** te neem, neem dit so gou as wat jy onthou. As dit egter amper tyd is vir jou volgende dosis, slaan die dosis oor wat jy vergeet het.

Moenie ‘n dubbele dosis neem om vir individuele dosisse wat jy vergeet het, te vergoed nie.

### As jy ophou om LOVIRE® Tablets te neem

Moenie ophou om **LOVIRE® Tablets** te neem omdat jy beter voel nie. Dit is belangrik dat jy jou kursus van tablette voltooi om die uitbraak van herpes te behandel, of om verdere uitbrake te verhoed as jy **LOVIRE® Tablets** langtermyn gebruik. Jou dokter sal jou raad gee wanneer om op te hou om **LOVIRE® Tablets** te neem.

## 4. Moontlike newe-effekte

**LOVIRE® Tablets** kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir **LOVIRE® Tablets** aangemeld word, is in hierdie inligtingstuk ingesluit nie.

Indien jou algemene gesondheid versleg of as jy ongewenste effekte ervaar terwyl jy **LOVIRE® Tablets** neem, moet jy asseblief jou gesondheidsorgverskaffer raadpleeg vir advies.

**Indien enige van die volgende gebeur, staak die gebruik van LOVIRE® Tablets en lig jou dokter onmiddellik in of gaan na die noodgevalle-afdeling by jou naaste hospitaal:**

- uitslag, jeuk of galbulte op jou vel
- swelling van jou gesig, lippe, tong of ander dele van jou liggaam
- kortasemigheid, hyging of probleme met asemhaling
- uitgebreide veluitslag wat gepaard gaan met koors, geswelde limfknope en swelling in die gesig (Geneesmiddel reaksie met eosinofilie en sistemiese simptome (DRESS))

Hierdie is **baie ernstige** newe-effekte. Jy mag dringende mediese aandag of hospitalisasie benodig.

Lig jou dokter onmiddellik is of gaan na die noodgevalle-afdeling by jou naaste hospitaal indien jy enige van die volgende opmerk:

- Bloed in urine of stoelgang
- Vergeling van die vel en oë, donker urine, en moegheid wat simptome van lewerprobleme kan wees
- Vogterughouding wat swelling in die bene, enkels of voete veroorsaak
- Hallusinasies, konvulsies of tremore

Lig jou dokter in indien jy enige van die volgende opmerk:

**Algemene newe-effekte:**

- Hoofpyn
- Duiseligheid
- Naarheid
- Braking
- Diarree
- Abdominale pyn
- Moegheid
- Koors

**Minder algemene newe-effekte:**

- Swakheid
- Koue voete en hande
- Kouekoors
- Sweet
- Seerkeel
- Maklike kneusing
- Bloeding van tandvleise of neus
- Abdominale pyn
- Pyn naby die rektum
- Pyn wanneer urineer
- Verlies aan aptyt
- Kortasemigheid
- Haarverlies

**Voorkoms onbekend:**

- Lomerigheid
- Verwarring
- Rusteloosheid

- Koma

As jy enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie inligtingstuk genoem word nie, moet jy asseblief jou dokter of apteker inlig.

**Aanmelding van newe-effekte**

Praat met jou dokter of apteker as jy newe-effekte ervaar. Jy kan ook newe-effekte SAHPRA aanmeld *via* die "6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form", wat aanlyn beskikbaar is onder SAHPRA se publikasies: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. Deur newe-effekte aan te meld, kan jy help om meer inligting oor die veiligheid van **LOVIRE® Tablets** te verskaf.

**5. Hoe om LOVIRE® Tablets te bewaar**

- Bewaar by of onder 25 °C, beskerm teen vog.
- Moenie na die vervaldatum, soos op die etiket aangedui, gebruik nie.
- Bring alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker toe.
- Moenie van ongebruikte medisyne in dreinerings- of rioleringstelsels ontslae raak nie.

**HOU BUITE DIE BEREIK EN SIG VAN KINDERS.**

**6. Inhoud van die verpakking en ander inligting**

**Wat LOVIRE® Tablets bevat**

Die aktiewe bestanddeel is asiklovir.

Elke oplosbare tablet bevat 200 mg of 400 mg asiklovir.

Die ander bestanddele is: mikrokristallyne sellulose, natrium-styselglikolaat, voorafgelatiniseerde stysel, mieliestysel, magnesiumstearaat, anhidriese kolloïdale silika.

**Hoe LOVIRE® Tablets lyk en inhoud van die verpakking**

**LOVIRE® 200 Tablets**

Kapsule-vormige, bikonvekse, onbedekte wit tot naaswit tablette met `200' ingepers op een kant en `ACV' op die ander kant.

**LOVIRE® 400 Tablets**

Kapsule-vormige, bikonvekse, onbedekte wit tot naaswit tablette met `400' ingepers op een kant en `ACV' op die ander kant.

**LOVIRE® 200 Tablets**: Karton bevat 25 tablette in stulpstroke.

**LOVIRE® 400 Tablets**: Karton bevat 56 of 70 tablette in stulpstroke.

**Houer van die Registrasiesertifikaat**

Ranbaxy Pharmaceuticals (Pty) Ltd

Lautreweg 14

Stormill, Uitbreiding 1

Roodepoort, 1724

Suid-Afrika

**Hierdie inligtingstuk is laas hersien op**

15 August 2023

**Registrasienommers**

**LOVIRE® 200 Tablets**: 32/20.2.8/0017

**LOVIRE® 400 Tablets**: 32/20.2.8/0018

**Botswana**: S2 Reg.Nr. :

Lovire 200 Tablets - BOT0400704

Lovire 400 Tablets - BOT0400705

**Namibië:** NS2 Reg.Nr.:

Lovire 200 Tablets - 04/20.2.8/1285

Lovire 400 Tablets - 04/20.2.8/1286